# HOOFSTUK 4

# *DIE STATUSWETTE, 1934*

## 4.1 INLEIDING

Lord Clarendon, die Goewerneur-generaal, het tydens die Parlementsopening op 26 Januarie 1934 aangekondig dat die Regering wetgewing wou indien om die land se konstitusionele posisie in ooreenstemming met die praktyk te bring.[1]

Hierdie wetgewing het later, nadat dit op 22 Junie 1934 deur die Koning goedgekeur is, as die Statuswette bekend geraak. Dit het as Wet no. 69 van 1934, die Wet op die Status van die Unie, en Wet no. 70 van 1934, die Wet op die Uitvoerende Magte en Seëls van die Koning, bekend gestaan.

Artikel 2 van eersgenoemde Wet het bepaal dat die Unieparlement die enigste soewereine wetgewende liggaam vir die Unie was. Artikel 3 het sekere dele van die Statuut, wat op Suid-Afrika van toepassing was, as 'n wet van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika opgeneem. Artikel 4 het bepaal dat die uitvoerende gesag van die Unie by die Koning berus het. Hy sou op advies van Suid-Afrikaanse Ministers handel. Artikels 5 tot 12 was wysigings of herroeping van sekere Artikels van die Suid-Afrika-wet.

Die Wet op die Uitvoerende Magte en Seëls van die Koning het bepaal dat daar 'n Koninklike Groot- en Kleinseël sou bestaan en dat dit deur die Suid-Afrikaanse Eerste Minister bewaar moes word.

'n Suid-Afrikaanse Minister sou mede-ondertekenaar van aktes met die Groot- of Kleinseël daarop word. Die Goewerneur-generaal sou in sekere omstandighede namens die Koning kon optree.[2]

Die wetgewing sou Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie ten nouste raak. Politici het verskeie menings oor die betekenis van die wetgewing gehuldig.

---

1 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, pp.199,200; vgl. J.H. le Roux, "Die Statuswette van 1934 en die gevolglike skeuring in die Suid-Afrikaanse Party", ***Acta Diurna Historica***, jg. 6, no. 2, Okt. 1977, p.24.

2 Unie van Suid-Afrika, ***Wette van die Unie van Suid-Afrika***, no. 69 van 1934, pp.915-925.

Die menings kan in drie kategorieë ingedeel word, naamlik: 'n neutrale standpunt deur sommige politici wat gemeen het dat die Statuswette bloot Suid-Afrika se bestaande Britse konneksie sou bevestig; 'n pro-Britse konneksie-standpunt deur diegene wat gedink het dat die Statuswette Suid-Afrika se Britse konneksie sou verstewig en die anti-Britse konneksie-standpunt deur sekeres wat oortuig was dat die Statuswette Suid-Afrika se Britse konneksie sou verswak.

## 4.2 DIE NEUTRALE STANDPUNT

Onder diegene wat 'n neutrale standpunt ingeneem het, het advokaat O. Pirow, generaal J.C. Smuts en P. Duncan, Minister van Mynwese, getel. Pirow sou Wetsontwerpe namens die Regering indien. Dit wat deur die Balfour-verklaring van 1926 en die Statuut van Westminster van 1931 aan Suid-Afrika se konstitusionele status verander het, moes beskryf word. Pirow het die Regering se voorneme in dié verband gemotiveer deur daarop te wys dat Suid-Afrikaners, beide Afrikaans- en Engelssprekendes, gemoedsrus oor Suid-Afrika se status begeer het. Pirow was ook daarvan oortuig dat duidelikheid oor Suid-Afrika se konstitusionele posisie rassevrede kon meebring. Hy het die Statuswetsontwerpe as die beskrywing van die bestaande konstitusionele posisie beskou.[3]

Smuts het beklemtoon dat die Kabinet met die Wetsontwerp slegs Suid-Afrika se konstitusionele posisie in wetstaal wou uitdruk. Hy het daarop gewys dat dit sedert 1910 die gebruik in Suid-Afrika was dat die Koning op advies van Suid-Afrikaanse Ministers gehandel het en dat soewereine onafhanklikheid 'n term was wat die Unie se status beskryf het, soos dit reeds in 1926 deur die Balfour-verklaring bepaal is.[4]

Smuts het geglo dat die Wetsontwerp Suid-Afrika se soewereine status só beskryf het dat die land steeds as lid van die Britse Gemenebes van Nasies gereken kon word. Hy het die hoop uitgespreek dat konstitusionele strydvrae, wat Suid-Afrika lank reeds verdeel het, met die aanvaarding van hierdie Wette tot 'n einde sou kom. Hy het sy Engelse vriende die versekering gegee dat die Wet op die status van die Unie die Britse konneksie bevestig het.[5]

---

3 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 28 Mrt. 1934, kol. 2060,2061.

4 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 11 Apr. 1934, kol. 2288,2289.

5 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 11 Apr. 1934, kol. 2296.

Hoewel Smuts hierdie standpunt ingeneem het, was hy nietemin onrustig oor die Statuswette. Sy seun beskryf sy houding só: "My father did not favour the Status Bills. He did not see the need for them, but saw, instead a great danger in tampering with the Union's constitution, and felt that it would have been wiser to leave the position as defined in the past. If he had his way the Bills would never have been introduced."[6]

Die Eerste Minister, generaal J.B.M. Hertzog, het by Smuts aangedring om die Statuswette te aanvaar.[7] Smuts het nogtans sy ernstige kommer oor 'n moontlike verkeerde interpretasie van dié Wette en die uitwerking daarvan aan Hertzog oorgedra.

Hy skryf dat die Statuswette noodwendig 'n uitwerking op sake sou hê waaroor daar in die verlede baie onenigheid geheers het. Hertzog en Smuts moes dus sorg dra dat die Statuswetsontwerpe in uiters gunstige omstandighede ingedien word. Smuts het veral daarop nadruk gelê dat Suid-Afrika se konstitusionele posisie, soos neergelê deur die Suid-Afrika Wet en die Statuut van Westminster, behoue moes bly. Hy wys Hertzog daarop dat die behoud van die Britse konneksie vir baie Suid-Afrikaners essensieel was.

Dit was veral dr. D.F. Malan, leier van die NP in Kaapland, se vertolking van die Statuswette wat Smuts erg bekommerd gelaat het. Ten einde samesmelting tussen hom en Hertzog te laat realiseer, was hy van mening dat Hertzog noodwendig 'n verklaring moes uitreik waarin hy Malan se vertolking van die Statuswette weerspreek.[8]

Duncan het soos Pirow en Smuts geglo dat die Wetsontwerp oor die status van die Unie 'n blote wetlike verklaring van Suid-Afrika se konstitusionele posisie was. Hy het gemeen dat die Wetsontwerp nogtans nodig was om die status en grondwetlike posisie van Suid-Afrika in die Wetboek op te neem.[9]

---

6 J.C. Smuts, ***Jan Christian Smuts***, p.342.

7 J.C. Smuts, ***Jan Christian Smuts***, p.342.

8 William Cullinan Library, University of the Witwatersrand (WITS), Johannesburg, J.H. Hofmeyr papers, A1/DM, Hofmeyr, Politics general, Status Act, 1934-1938: letter from J.C. Smuts to J.B.M. Hertzog, n.d.

9 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2112.

Hierbenewens het Duncan aan lady Selborne, invloedryke dame in Britse politieke kringe, in 'n gerusstellende toon die ontwikkeling só gestel: "I see the ripples of our constitutional storm have already reached your shores. Do not be alarmed. Here is nothing in the Bill that is not already accepted in constitutional fact."[10] Pirow, Smuts en Duncan het dus die uitgespelde neutrale standpunt gehandhaaf.

Uit die geledere van die pers was daar heelwat ondersteuning vir hierdie neutrale standpunt. Die ***Cape Times*** het beweer dat die Statuswette geen verandering aan Suid-Afrika se konstitusionele posisie gebring het nie.[11] Volgens die blad het die Wette ook nie die Britse Kroon deelbaar of ondeelbaar gemaak nie[12] en niks aan Suid-Afrikaners se Britse nasionaliteit verander nie.[13] ***The Cape Argus*** het ook niks nuuts ten opsigte van Suid-Afrika se Britse konneksie in die Statuswette gevind nie.[14] ***Die Vaderland*** was ewe-eens van mening dat die Statuswette net die nodige statutêre erkenning aan 'n konstitusionele posisie wat reeds bestaan het, gegee het.[15]

## 4.3 DIE STANDPUNT OOR 'N VERSTERKTE BRITSE KONNEKSIE

Onder diegene wat geglo het dat die Statuswette Suid-Afrika se Britse konneksie versterk het, was onder meer Leslie Blackwell, SAP-LV vir Kensington, Deneys Reitz, VP-LV vir Barberton, Morris Kentridge, AP-LV vir Troyeville en J.H. Hofmeyr, Minister van Binnelandse Sake en SAP-LV vir Johannesburg-Noord. Vir Blackwell het daar beslis 'n verskil in status tussen Gemenebeslande en ander onafhanklike lande soos Portugal en Italië bestaan. Sy beklemtoning van gemene trou aan die

---

10 J.W. Jagger Library, UCT, Duncan papers, BC 294, D5.26.6: letter from P. Duncan to lady Selborne, 22 Mar. 1934; vgl. INCH, Bloemfontein, Pamphlet Collection, PV 193, P27.20: W.E. Thrash, What the Status Act really means, Jul. 1934.

11 ***Cape Times***, 20 Mar. 1934: editorial.

12 ***Cape Times***, 19 Mar. 1934: editorial.

13 ***Cape Times***, 26 Mar. 1934: editorial.

14 ***The Cape Argus***, 22 Mar. 1934: editorial.

15 ***Die Vaderland***, 27 Mrt. 1934: hoofartikel.

Koning as wesenskenmerk van Gemenebeslande het hom tot die gevolgtrekking laat kom dat Suid-Afrika nie die reg op afskeiding besit het nie.[16]

Reitz het hierdie visie van Blackwell gedeel. Hy was van mening dat die ondersteuners van die Statuswetgewing gepoog het om die bande met die Britse Statebond te versterk. Hy het gevolglik aan 'n gehoor in Salisbury die versekering gegee dat die Unie van Suid-Afrika net so lank soos hul eie land in die Britse Statebond sou bly.[17]

Hierbenewens was Kentridge die mening toegedaan dat die aanneming van die Statuswetgewing sou bydra tot "'n hegter en ewigdurende Britse gemeenskap van Nasies".[18]

Hofmeyr was ook van mening dat die Statuswetsontwerp die gemeenskaplike trou aan die Kroon bevestig. Hy beskou dit gevolglik as 'n middel om samewerking tussen alle dele van die Britse Gemenebes te bevorder.[19]

## 4.4 DIE STANDPUNT OOR 'N VERSWAKTE BRITSE KONNEKSIE

Diegene wat die standpunt gehuldig het dat die Statuswette Suid-Afrika se Britse konneksie verswak het, kon in twee groepe verdeel word: die teenstanders en die voorstanders van 'n verswakte Britse konneksie. Die verdeling het, soos in die ander kategorieë, oor politieke grense heen gestrek. Onder eersgenoemde groep het Stallard 'n belangrike rol gespeel.

### *4.4.1 DIE TEENSTANDERS VAN 'N VERSWAKTE BRITSE KONNEKSIE*

Kolonel C.F. Stallard, SAP-LV vir Roodepoort, het duidelik sy misnoeë ten opsigte van hierdie wetgewing te kenne gegee. Volgens Stallard het die Regering onrus onder die publiek gesaai deur die Konsepwetsontwerp ten opsigte van die wysiging van die status van die Unie geheim te hou. Hy was van mening dat na koalisie die

16 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2076,2084.

17 ***Die Burger***, 24 Aug. 1934: berig.

18 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2118-2119.

19 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2144-2146.

hoop gekoester was dat konstitusionele sake vir 'n tydperk vermy sou word. Die Regering het met die voorgestelde wetgewing kennelik moeilikheid gesoek, aldus Stallard.[20]

Stallard se beswaar teen die Wetsontwerp het ten diepste daarin gelê dat hy van mening was dat alle Gemenebeslande saam daaroor moes besin het, aangesien die gemeenskaplike trou aan die Kroon gesamentlike optrede van Gemenebeslande vereis het. Hy het die Regering versoek om sy voorstel terug te trek, dit in die ***Staatskoerant*** te publiseer en die volk geleentheid te gee om daaroor te besin.[21]

In reaksie op die Wetsontwerp wat Pirow ingedien het, het Stallard 'n nuwe Artikel voorgestel wat gevra het dat enige verandering in die Wet wat troonopvolging of koninklike naam of titel gereël het, met die toestemming van alle Vrygewestes sowel as die Verenigde Koninkryk moes geskied.[22] Stallard wou hiermee verhoed dat Gemenebeslande, en by name die Unie, enige poging aanwend om hul van die Britse Gemenebes van Nasies los te maak.

C.W.A. Coulter, SAP-LV vir Kaapstad-Tuine, het soos Stallard besware oor die Wetsontwerp gehad. Hy was oortuig dat die Volksraad geen opdrag van die volk gehad om die Wetsontwerp te behandel nie. Hy het die afleiding gemaak dat die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking teen die Wetsontwerp gekant was.[23] J.S. Marwick, SAP-LV vir Illovo, het ook Stallard se voorstel gesteun. Sy mening was dat die Statuswetsontwerp die Koning van al sy uitvoerende mag beroof het.[24]

Die verklaring in Artikel 2 dat die Suid-Afrikaanse Parlement 'n onafhanklike en soewereine wetgewende liggaam was, het die beswaardes, Stallard, Coulter en

---

20 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Mrt. 1934, kol. 1897.

21 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Mrt. 1934, kol. 1897; INCH, Bloemfontein, Pamphlet Collection, PV 193, P27.2: C.F. Stallard etc., Status of the Union Act 1934: its origin, meaning and effect, 1934; INCH, Bloemfontein, Pamphlet Collection, PV 193, P27.21, C.F. Stallard etc., The Status Bills: their meaning and effect, n.d.

22 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Apr. 1934, kol. 2756.

23 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Apr. 1934, kol. 2758,2769.

24 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2929.

Marwick, teen die bors gestuit.[25] Stallard was ook van mening dat die Wetsontwerp 'n gemeenskaplike Koning vervang en die Kroon deelbaar gemaak het. Volgens hom was die Wetsontwerp teenstrydig met die wense van die publiek en met die hoop wat ten tyde van koalisie uitgespreek is. Tydens die koalisieproses is voorgestel dat alle konstitusionele twiste ter wille van materiële ontwikkeling opsy geskuif sou word.[26] Stallard het egter slegs namens 'n klein groepie Engelssprekendes in Natal en die Oos-Kaap gepraat. Stallard en sy volgelinge het gevoel dat die Statuswette 'n bedreiging vir Suid-Afrika se Britse konneksie ingehou het.

Coulter het hierdie standpunt ondersteun en daarop gewys dat die SAP-lede hul ondersteuning aan die koalisiebeweging toegesê het, met dien verstande dat die konstitusionele status van Suid-Afrika met betrekking tot Brittanje onaangeraak gelaat sou word.[27]

Stallard, Coulter en Marwick het van die standpunt uitgegaan dat Smuts en die SAP kardinale beginsels oorboord gegooi het.[28] Volgens Stallard het Smuts, wat eers 'n kampvegter vir die gemene trou aan die Koning was, van standpunt verander.[29] Die groep het gedurende Junie en Julie hul besware teen die Statuswette in 'n memorandum uiteengesit. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die Statuswetsontwerp beteken het dat Suid-Afrika deur geen wetlike band aan die Britse Ryk gebind was nie; dat die Parlement as gevolg van sy soewereine status die mag besit het om die Koning deur 'n Republikeinse hoof te vervang en dat, in geval van oorlog, Suid-Afrika neutraal sou kon bly. Hierdie Wetsontwerp sou daarom die regte en vryhede van die inwoners van die Unie erg benadeel het.[30]

25 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Apr. 1934, kol. 2763; vgl. Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2903.

26 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2096.

27 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2096.

28 INCH, Bloemfontein, Pamphlet Collection, PV 193, P24.17: C.W.A. Coulter etc., Terms of fusion, 6 Jun. 1934; vgl. J.H. le Roux, "Die Statuswette van 1934 en die gevolglike skeuring in die Suid-Afrikaanse Party", ..., pp.24,29.

29 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Apr. 1934, kol. 2783,2785.

30 INCH, Bloemfontein, Pamphlet Collection, PV 193, P27.2: C.F. Stallard etc., Status of the Union Act 1934: its origin, meaning and effect, 1934; INCH, Bloemfontein, Pamphlet Collection, PV 193, P27.21, C.F. Stallard etc., The Status Bills: their meaning and effect, n.d.; S.G. Mullin, ***General Smuts***, vol. 2, p.444.

Stallard en sy volgelinge het gesê dat hulle weier om die Program van Beginsels vir die VP te aanvaar.[31]

Hierdie wetgewing en die samesmelting tussen die volgelinge van Hertzog en Smuts was die grootste faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat Stallard en sy volgelinge die SAP verlaat het en in Oktober 1934 'n eie Britsgeoriënteerde party, die Dominiumparty, gestig het.[32]

*The Natal Mercury*, spreekbuis van Stallard en sy volgelinge, was ook van mening dat die Statuswette aan Suid-Afrika die reg op afskeiding verleen het en het gevolglik ook sterk teen die Statuswette te velde getrek.[33]

Twee petisies wat teen die Statuswetgewing opgestel is en deur etlike duisende Natallers geteken is, het in 1934 in Durban verskyn. Een van die petisies het die Koning versoek om nie sy goedkeuring aan die Statuswette te gee nie, terwyl die tweede petisie die Koning versoek het om 'n spesiale Uitvoerende Raad in Suid-Afrika te skep.[34]

Vir Stallard en sy ondersteuners het dit gevoel of die beginsels van die SAP aangaande die bewaring van die Britse konneksie met die indiening van die Statuswetsontwerp erg verwater het. Daarbenewens was hulle daarvan oortuig dat Smuts, deur met Hertzog saam te smelt, Suid-Afrika se Britse konneksie opgeoffer het.

Die houding wat Stallard en sy volgelinge teenoor die Statuswette ingeneem het, het byvoorbeeld kommer by Duncan gewek: "Some of our Natal friends are already on the war path and as our British people in Natal are for the most part devoid of any political sense, we may have trouble with them."[35] 'n Paar weke later was

---

31 *The Star*, 7 Jun. 1934: report.

32 J.C.H. Grobler, *Politieke leier of meeloper?* ..., pp.303,304.

33 *The Natal Mercury*, 8 Mar. 1934: editorial; vgl. ook *The Natal Mercury*, 19 Mar. 1934: editorial; *The Natal Mercury*, 5 Apr. 1934: editorial; *The Natal Mercury*, 13 Apr. 1934: editorial; *The Natal Mercury*, 19 Jul. 1934: editorial.

34 PRO, London, DO, 35/133, file 4579/64: letter from N. Hare-Rueben to C.W. Dixon, 1 Jan. 1934.

35 J.W. Jagger Library, UCT, Duncan papers, BC 294, D5.26.5: letter from P. Duncan to lady Selborne, 16 Mar. 1934.

Duncan egter meer gerus dat die kritici van die Statuswette hul stoom verloor het en die ware doel van die wetgewing ingesien het.[36]

## *4.4.2 DIE VOORSTANDERS VAN 'N VERSWAKTE BRITSE KONNEKSIE*

Die interpretasie wat Malan, leier van die NP in Kaapland, en ***Die Burger*** aan die Statuswette gegee het, het Ryksgesindes bekommerd gelaat.[37] Hulle het die Statuswetsontwerp sterk gesteun.[38]

Die feit dat Suid-Afrikaners deur die aanname van die Statuswette hulle onafhanklikheid aanvaar het, het vir Malan daarop gedui dat Suid-Afrika se Britse konneksie losser geraak het.[39]

Volgens Malan het die band met die Koning van Engeland, wat die Unie vroeër gebind het, met die aanvaarding van die Statuswette totaal verdwyn. Daar was geen konneksie meer met die Britse Ryk nie. Die Unie van Suid-Afrika het na sy mening die reg op sesessie besit en die reg gehad om 'n Republiek te word. Die rede hiervoor was dat die Statuswette Suid-Afrika net so vry soos Engeland gemaak het. Malan het ook beweer dat Suid-Afrika, na hierdie ontwikkeling, die reg op neutraliteit gehad het. Sou die land in 'n oorlog gedwing word, kon daar binne 18 maande 'n Republiek uitgeroep word.[40]

Hoewel Malan die teenoorgestelde politieke opvatting as Stallard gehuldig het, het hulle saamgestem dat die NP deur die aanvaarding van die Statuswette die beginsel van ontvoogding 'n stap verder kon voer. Volgens Malan het die SAP hierdie beginsel vir baie lank met hand en tand beveg.

***Die Burger*** het soos Malan gemeen dat die Statuswette Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie bevorder het. Volgens die blad was die Wetsontwerpe die belangrikste en verreikendste konstitusionele wetgewing wat nog ooit in die

36 J.W. Jagger Library, UCT, Duncan papers, BC 294, D5.26.9: letter from P. Duncan to lady Selborne, 12 Apr. 1934.

37 PRO, London, DO, 35/133/1B: letter from C.W. Dixon to Dunbar, 31 Oct. 1934.

38 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.624.

39 ***Die Burger***, 10 Mei 1934: berig.

40 ***Die Burger***, 10 Mei 1934: berig.

Parlement ingedien is. Die blad wys daarop dat die uitvoerende gesag voortaan by die Unieregering sou berus. In die lig van Artikel 4 van die Statuswet wat oor die posisie van die Koning, ten opsigte van die uitvoerende gesag, en die Wetsontwerp op die Uitvoerende Magte en Seëls van die Koning handel, het ***Die Burger*** beweer dat mense wat steeds die deelbaarheid van die Kroon, die Unie se reg op sesessie en neutraliteit ontken het, hulself belaglik gemaak het.[41]

Hoewel ***The Star*** nie ontvoogding van die Britse Gemenebes gepropageer het nie, het die blad se siening oor die betekenis van die Wette met dié van Malan en ***Die Burger*** gestrook.

***The Star*** het op 21 September 1934 daarop gewys dat die Statuswette aan Suid-Afrika soewereine onafhanklikheid verleen het en dat dit die Unie die reg sou gee om homself van die Britse Gemenebes los te maak. Dat Suid-Afrika aan die Gemenebes van Nasies behoort het, was vir die Redakteur 'n vrywillige saak.[42]

Vir J.G. Strijdom, NP-LV vir Waterberg, het die Statuswetgewing Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid vasgelê, die Unieparlement tot soewereine wetgewende liggaam verklaar, en die Koning op advies van sy Suid-Afrikaanse Ministers laat handel. Volgens hom sou Suid-Afrika totale rassevrede kon geniet indien die land hom geheel en al van die Britse Ryk afskei.[43] Strijdom het gemeen dat die Statuswetgewing beteken het dat Suid-Afrika hom van die Britse Ryk losgemaak het, dat Suid-Afrika die reg op neutraliteit besit het en dat die kroon deelbaar was.[44] Verskeie ander Nasionaliste soos S.P. le Roux,[45] C.W.M. du Toit[46] en J.J. Haywood het ook neutraliteit, die reg op afskeiding en deelbaarheid van die Britse Kroon in die Wetsontwerp gelees.[47]

---

41 ***Die Burger***, 23 Mrt. 1934: berig.

42 ***The Star***, 21 Sep. 1934: editorial.

43 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 11 Apr. 1934, kol. 2316.

44 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 11 Apr. 1934, kol. 2316.

45 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 12 Apr. 1934, kol. 2360.

46 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 12 Apr. 1934, kol. 2374.

47 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 12 Apr. 1934, kol. 2384, {soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, was dit juis hieroor waar Smuts en Hertzog ooreengekom het om te verskil}.

## 4.5 DIE REAKSIE UIT BRITSE POLITIEKE KRINGE

Die invloed wat die Statuswette op Suid-Afrika se Britse konneksie kon hê, het ook in Britse politieke kringe aansienlike reaksie uitgelok. Dat die hele debat rondom Statuswetgewing in die Suid-Afrikaanse politiek groot belangstelling onder Britse politici gaande gemaak het, ly geen twyfel nie. Die vraag van belang was: watter inligting aangaande die Statuswetgewing het Britse politici tot hul beskikking gehad en hoe het hulle daarop gereageer?

Die Britse Koning het vir kennisname die Statuswetsontwerpe in hul oorspronklike vorm uit Suid-Afrika ontvang. Geoffrey Dawson, 'n lid van die Dominiumkantoor[48] en redaksielid van die Londense dagblad, ***The Times***, het skerp op hierdie dokument gereageer. Hy het soos volg aan Duncan geskryf: "The original despatch to the King was a thoroughly bad document. I do not think that it should have been allowed to reach His majesty in that form ...."[49] Dawson het vroeër vir Duncan versoek om dit te verswyg dat hy vooraf insae in die dokument gehad het. Hy het ook opgemerk dat die dokument vir hom besonder aanmatigend is en na voorstelle uit Britse geledere verander is.[50]

Oor die verhouding van die Britse Koning tot Suid-Afrika het 'n gesaghebbende politikus, sir Herbert Stanley, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, 'n bekommerde mening gelug toe hy dit só gestel het: "I cannot but feel that the use of the term 'sovereign independent state' in the third paragraph of the preamble of the Status Bill is very dangerously suggestive, not only of divisibility, but of an actual division of the Crown."[51] Dieselfde toon van ongerustheid oor die Statuswette het tydens een van die Dominiumkantoor se vergaderings opgeklink. Lede van die kantoor was ondanks verklarings deur Unieministers dat die Statuswette niks aan die bestaande konstitusionele verhouding tussen Suid-Afrika en Brittanje verander het nie, van die teendeel oortuig en het dit soos volg gestel: "... it has in fact made a profound

---

48 Die Dominiumkantoor was die skakel tussen Brittanje en die dominiums.

49 J.W. Jagger Library, UCT, Duncan papers, BC 294, A5.12.2: letter from G. Dawson to P. Duncan, 25 May 1934.

50 J.W. Jagger Library, UCT, Duncan papers, BC 294, A5.12.1: letter from G. Dawson to P. Duncan, 18 Apr. 1934.

51 PRO, London, DO, 55/133/1A, file 4579/83, Union of South Africa, Constitutional questions: minutes of the Dominium Office meeting on the Status Bill, 1934.

change in that position, especially in regard to the right of secession and the right of neutrality in time of war".[52]

Britse politici oor die algemeen, en meer bepaald die amptenare van die Dominiumkantoor, het dus soos Stallard en sy volgelinge gevaarligte in die Statuswette vir Suid-Afrika se Britse konneksie sien flikker. Geen wonder dat Ryksgesindes geskarrel het om wal te gooi teen die Statuswette nie, aangesien dit, volgens hulle, Suid-Afrika se Britse konneksie kon verswak het. Indien 'n verkeerde interpretasie aan die betekenis van die Statuswette geheg word, kon dit volgens C.W. Dixon, amptenaar van die Dominiumkantoor, nadelige gevolge vir Suid-Afrika se Britse konneksie ingehou het.

## 4.6 SAMEVATTING

Voorstanders van samesmelting, soos Smuts en Duncan, wou graag die boodskap dat die Statuswette niks aan Suid-Afrika se Britse konneksie verander het nie, by Suid-Afrikaners tuisbring. Die rol wat hierdie twee leiers, maar veral Smuts, gespeel het om die Statuswette enigsins aanvaarbaar vir Ryksgesindes te maak, moet nie onderskat word nie. In hierdie verband skryf Dawson die volgende aan Duncan: "It seems to me to be very remarkable that there has been no disposition anywhere in this country to resent the Status Bill. This is partly due, no doubt, to the fact that you and Smuts have backed it ...."[53] Die meerderheid Ryksgesindes, meer bepaald die Engelssprekendes in Suid-Afrika, het terdeë besef dat 'n skeuring in die SAP-geledere ten alle koste vermy moes word om te verhoed dat Suid-Afrika se Britse konneksie in die gedrang sou kom.[54]

Smuts se optrede in verband met die Statuswette het twee sake aan die lig gebring. Eerstens dat hy 'n politieke front voorgehou het en tweedens dat sy houding in sommige Britse politieke kringe deursigtig was.

---

52 PRO, London, DO, 55/133/1B, file 4579/83, Union of South Africa, Constitutional questions: minutes of the Dominium Office meeting on the Status Bill, 1934.

53 J.W. Jagger Library, UCT, Duncan papers, BC 294, A5.12.2: letter from G. Dawson to P. Duncan, 25 May 1934; vgl. Anon., "The Status Bill", ***The Round Table***, vol. 24, no. 95, Jun. 1934, pp.666,667.

54 PRO, London, DO, 35/133/1A, file 4579/10, Union of South Africa, Constitutional questions: letter from P. Liexhiux to J.H. Thomas, 20 Mar. 1934.

Hy was inderdaad, ter wille van samesmelting, genoodsaak om minstens 'n neutrale houding teenoor die Statuswette in te slaan. Smuts se dilemma was juis dat hy moes toesien dat die Statuswette só geïmplementeer sou word dat Suid-Afrika se Britse konneksie nie in gedrang kom nie.

'n Opvallende verskynsel tydens die parlementêre debat rondom die Statuswetsontwerpe was die swygsaamheid van Hertzog. Daar kon met reg verwag word dat hy in 1934, as die skepper van die Unie se soewereine onafhanklike status, by een van die hoogtepunte van sy politieke lewe 'n prominente figuur in die bovermelde debat sou wees.

Verskillende verklarings vir Hertzog se optrede, of gebrek aan optrede, is gegee. Daar is beweer dat hy aan 'n keelaandoening gely het en nie in staat was om enige bydra te lewer nie.[55]

Die Statuswette moet gesien word binne die kader van die politieke omstandighede waarin hulle tot stand gekom het. Dit was geensins toevallig dat die Wette as die handhawing van die bestaande konstitusionele posisie beskou is nie. Hierdie gematigde gees om Suid-Afrika se posisie binne die Britse Gemenebes van State as 'n gegewe werklikheid te aanvaar, is iets wat lank reeds deur die voorstanders van koalisie en samesmelting beplan is.

---oOOo---

55 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.621; vgl. ook J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.518; D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, p.202.